# DIE GESKIEDENIS VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA

Die Evangelies-Gereformeerde Kerk is gestig op 21 April 1944 vanuit die Nederduits Gereformeerde Kerk in die middestad van Durban. Die stigting het plaasgevind binne die kerkgebou van die NG Kerk, Smitstraat, Durban. Die naam van die kerk was destyds "Die Nuwe Protestantse Kerk" (NP Kerk). Die naam is tydens die Sinode van 1986 verander na "Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika" (EG Kerk).

Die stigting van hierdie kerk was nie vooraf beplan of bedink deur enige persoon of selfs 'n groep persone nie. Die Here God wat in die hoogste hemel troon het dit so laat geskied op die regte, God-bepaalde, tydstip. Dit was skielik en onverwags soos 'n weerligstraal. Die tyding van hierdie kerk se stigting het die ore van baie kinders van God deur die land bereik en dit was vir hulle soos die gelui van die klokke van die hemel. Dit het in die harte van die bloedgewastes weerklank gevind en hulle het dit beskou as 'n handeling van die Here God. Uiteindelik was daar 'n kerk wat 'n onderdak sou bied vir kinders van God wat vervolg was in hul eie kerk en nie meer daar tuis gevoel het nie!

Wat het aanleiding gegee tot die stigting van die E.G. Kerk?

## 'n Geestelike koudheid, doodsheid en afvalligheid.

Die toestande wat in die land geheers het voor en tydens die stigting van die kerk word so beskrywe in die eerste gedrukte kerkorde van die NP Kerk in 1966:

"Uitgedryf deur 'n geestelike honger, wat die gevolg was van afwyking van dit wat kerk moes wees, die verkragting van die wet en formuliere, die verdraaiing en verontagsaming van die Heilige Skrif insake Wedergeboorte, die afwyking van die weg van Heiligmaking, die verwerping van Goddelike genesing, en die groot geestelik koudheid en louheid wat in die kerk geheers het, het gemaak dat mense na 'n geestelike tuiste soek waar hulle voedsel vir hulle siele kon kry en waar die ou Bybelse boodskap met krag verkondig en uitgeleef word."

In hierdie tyd het Ds. C. F. Scheepers, Ds. W. C. Malan en die A.E.B. 'n besondere rol gespeel in Suid-Afrika. Hierdie mense het onwetend meegewerk tot die uiteindelike totstandkoming van die NP Kerk.

- **Ds C. F. Scheepers**

Ds. Scheepers is gebore op 27 Januarie 1882. Hy is aanvanklik as sendeling opgelei by die Sendelingsinstituut te Wellington. Hy het later predikant van die NG Kerk geword en het ook verder studeer in Holland. Terwyl hy predikant was van die gemeente Wellington het hy 'n kragtige ontmoeting met die Here gehad wat sy bediening verander het. Hy is vervul met die Heilige Gees en het die volheidslewe deelagtig geword. Nie lank daarna nie, in 1924, het daar herlewing in sy gemeente en die omgewing uitgebreek.

In 1929 het hy gelei gevoel om sy gemeentelike bediening te staak en as spesiale prediker deur die land te reis om dienste te hou. Oral deur die land het mense onder sy bediening gered geword; kinders van God is opgebou in hul geloof. Ds Scheepers het die boodskap van Goddelik genesing sterk verkondig, vir siekes gebid en talle is genees.

In 1935 open hy 'n inrigting by Bloemfontein waar hy siekes ontvang, hulle uit die Woord onderrig en vir hulle bid. Talle het hier gesond geword. Hy het ook begin om jongmense by Betshan op te lei, as hulle 'n duidelike roeping gehad het, om die suiwere vrymakende evangelie te verkondig. Persone wat hier hul opleiding ontvang

het was oa. di. C. Cronje, S. J. Becker, W. P. Grobler, A. Grobler, J. A. Saunders wat later as predikante in die NP Kerk georden is.

Ds. Scheepers se kragtige bediening het die klimaat geskep vir die stigting van die NP Kerk, alhoewel hy nooit direk daarby betrokke was nie. Op 'n vraag wat aan ds. Scheepers gevra is het hy geantwoord dat God hom nie geroep het om 'n nuwe kerk te stig nie.

- **Ds. W. C. Malan**

Ds. W. C. Malan is as predikant van die NG Kerk georden in die jaar 1915. Hy was ook 'n besondere man van God. Ook hy het as rondreisende leraar oral deur die land dienste gehou en is kragtig deur die Here gebruik om die vrymakende verlossings-evangelie te verkondig. Oral waar hy gepreek het was die kerke en sale vol van behoeftige mense en talle het kragdadig tot bekering gekom.

Ds. Malan was 'n sterk Wederkomsprediker wat die boodskap van Chiliasme op besondere wyse gepreek het. Hy het ook verskeie boeke oor die wederkoms van Christus geskrywe. Soms het hy en Ds. Scheepers saam by konferensies opgetree as spesiale sprekers.

Ds. Malan het nooit beplan om 'n nuwe kerk te stig nie, tog het hy onwetend mee gewerk om die geestelike klimaat te skep vir die stigting van die NP Kerk. Hy het ook nooit by die NP Kerk aangesluit nie maar was 'n besondere vriend en raadgewer van die Kerk.

- **Die Afrika Evangeliese Bond**

Hierdie organisasie is in 1924 in SA gestig deur die drie Garrett susters wat uit Engeland hierheen gekom het. Met die leuse "Soek eers die Koninkryk", is die AEB 'n sending-aksie wat jongmense oplei om die verlossingsboodskap uit te dra. Hulle het 'n Bybelskool in Kaapstad geopen met die naam Glenwar wat tot vandag toe bestaan.

Vir die afgelope 80 jaar het die pelgrims van die AEB deur SA en ook Suider-Afrika gereis, konferensies en dienste gehou en duisende mense vir die Here gewen. Aanvanklik het hulle ook saam met en binne die NG Kerk gewerk. Hulle is toegelaat om selfs op die kansels van die NG Kerk te preek.

Die AEB het telkens di. Scheepers en Malan genooi om by hulle konferensie op te tree en so het talle NG lidmate die AEB kampe bygewoon en kragdadig tot bekering gekom.

## Weerstand binne die NG Kerk

Die NG Kerk het weerstand begin opbou teen die werksaamhede van die AEB en hulle is kerklik verbied. Die AEB is as 'n kerk binne in 'n kerk beskou en as sektaries afgemaak. Lidmate is ook verbied om die kampe van die AEB by te woon en die wat dit wel gedoen het is onder sensuur geplaas. Dit het werklik gebeur o.a. in Belfast en Carolina. Ook di. Scheepers en Malan het onder vervolging van hul eie kerk deurgeloop a.g.v. hul betrokkenheid by die AEB konferensies onder andere.

Die ware kinders van God is in hul eie kerk vervolg. Hulle het spontaan gebedsgroepe gevorm om geestelik warm en aan die lewe te bly in 'n dooie kerk. Pelgrims van die AEB het van tyd tot tyd hierdie groepe kinders van God besoek, hulle versterk en opgebou.

Vir hierdie vervolgde kinders van God in Suid-Afrika was die toekoms donker. Hulle het hard probeer om hulle "lig te laat skyn" in hul eie kerk, dog die meeste wou hulle lig nie sien nie, en nie hê nie, en het hulle vermy. Alles het meegewerk tot 'n onhoudbare toestand en dit het die klimaat geskep vir 'n nuwe kerk op 'n Evangelies-Gereformeerde grondslag.

- **Dr. Dirk de Vos**

Gebore op 22 Julie 1904. Dirk de Vos sou die instrument wees wat uiteindelik deur die Here gebruik sou word vir die stigting van die NP Kerk alhoewel hy dit nooit vooraf beplan of bedink het nie.

Dirk de Vos het grootgeword in 'n baie toegewyde ouerhuis. Sy moeder het geglo dat hy tot 'n spesiale rol en taak bestem is. Sy het van kleins af vir hom voorgelees uit die preke van C.H. Spurgeon. Toe hy groter word het hy homself geroepe gevoel tot die bediening en is na skool Stellenbosch toe om hom te bekwaam as predikant in die NG Kerk.

Op Stellenbosch word Dirk de Vos wreed ontnugter deur die onheilige en sondige dade van die teologiese studente. Hy het dit moeilik verwerk dat die predikante van môre so bandeloos en sondig kon lewe.

Na sy kweekskool opleiding word ds. de Vos hulpprediker van die Twee-Toring Kerk in Bloemfontein, daarna predikant te Reddersburg, Roodepoort en toe medeleraar van Ds. van Rooyen in Durban.

Dr. Dirk de Vos was 'n dinamiese prediker. Daarby was hy 'n vuurvreter wat reguit en kaalkop teen sonde gepreek het. Hy het nie geskroom om selfs teen die sondige leefwyse van die geestelike leiers te preek nie. Van oral het mense gekom om na sy boodskappe te luister. Kerke was volgepak as Dirk de Vos gepreek het. Talle het tot bekering gekom en die gemeentes wat hy bedien het, het gegroei en uit hul finansiële probleme gekom. Onder sy kollegas egter was Dirk de Vos nie gewild nie.

Tussen die twee leraars in Durban was daar heel gou probleme. As die jong Dirk de Vos gepreek het was die kerk vol maar as die ou Ds. van Rooyen gepreek het was die kerk leeg. Naburige gemeentes se lidmate het weggeloop na die NG gemeente in Smitstraat Durban om na die jong Ds. Dirk de Vos te luister. Dit het gelei tot allerhande stryd en onbenullige klagtes teen Dirk de Vos van sy kollegas se kant af. Klagtes teen hom is op Ringsvergaderings hanteer en sommige het selfs in die hof gedraai. Daar is besluit dat hulle Dr. de Vos as predikant sou skors.

## Die stigting van die NP Kerk

Uiteindelik het die stryd en vervolging vir Dirk de Vos binne in sy kerk te veel geword en na baie gebed het hy besluit om liewer die tuig neer te lê eerder as om geskors te word. Tydens 'n kerkraadsvergadering op 21 April 1944 in die kerksaal te Smitstraat Durban het Dr. De Vos as predikant van die NG Kerk bedank. Toe hy die kerkraadsvergadering verlaat, het twee derdes van die kerkraad saam met hom uitgestap.

Hierdie groep het toe binne in die kerkgebou self gaan bid en vir die Here gevra "Waarheen nou?" 'n Ouderling het toe uiteindelik voorgestel dat hulle 'n Nuwe Gereformeerde Kerk in SA moet stig om die ou Protestantse beginsels met nuwe krag uit te lewe en te verkondig. Terwyl daar vooraf geen beplanning was dat so 'n kerk gestig sou word nie, was dit op daardie oomblik beskou as die leiding en beskikking van die Here God.

Die pers het die stigting van die nuwe kerk bekend gemaak. Daar was dadelik reaksie vanoor die hele land van kinders van God wat verlang en gebid het vir 'n geestelike onderdak, 'n Kerk op Gereformeerde grondslag met

die ware boodskap van God's Woord. Dr. de Vos was die eerste leraar van die kerk. Afgestudeerde studente van die Betshan Bybelskool van ds. Scheepers en pelgrims van die AEB wat by die kerk aangesluit het is georden as die eerste predikante van die kerk. Die Betshan Bybelskool het die Kweekskool van die nuwe kerk geword en is dit tot vandag toe.

Klein gemeentes van 15 tot 25 lidmate is op verskeie plekke deur die land gestig en die kerk het gesond gegroei sodat in Augustus 1948 daar reeds meer as 'n duisend volwasse lidmate was. Vandag is daar ongeveer 85 gemeentes regoor Suid-Afrika.

## Visie en Missie van die Evangelies-Gereformeerde Kerk

*Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika stel hom ten doel om die Woord van God uit te dra aan alle volke, tale en nasies met die leuse:*

*"SO SÊ DIE HERE"*

*Die kerk bely dus dat alle vorme van evangelisasie gegrond is op die woorde en opdrag van onse Here Jesus Christus die Hoof van die Kerk, nl.:* ***"……julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde."***
*Gehoorsaam aan hierdie opdrag en getrou aan die verklaarde doelstelling, is dit die roeping van die kerk om haar te alle tye te beywer vir die bevordering van die evangelie onder alle mense.*
*Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika is dus met die sinode, ringe, kerkrade, gemeentes en individuele lidmate onherroeplik tot toegewyde evangelisasiewerk verbind deur onder andere Woordverkondiging, gebede, finansiële steun en, waar GOD roep, in voltydse diens.*